

Vrydag 16 Julie

Skrifgedeelte: Miga 5:1-7

Fokusgedeelte: Miga 5:1-7

Groei vir God se Koninkryk

Israel is nie in 'n lekker posisie nie. Net so is Miga se boodskap nie 'n lekker een om te gee nie. God is nie gelukkig met hoe sy uitverkore volk op sy verbondsgetrouheid antwoord nie. Maar soos dit altyd met die Verbondsgod is, is daar hoop. In hierdie gedeelte profeteer Miga van nuwe hoop al lyk die toekoms bleek. God se beloftes oor Israel se toekoms, is iets wat ons in 2021 steeds raak:

Nuwe Herder: die volk se leiers en priesters kon nie die volk op die regte pad lei nie, maar die nuwe Herder sal. Al is hy nuut, is sy begin "in die gryse verlede." Hy sal met sterkte in die Naam van God leiding neem. Christus staan sentraal as Herder.

Nuwe Jerusalem: Hierdie leier is nie afhanklik van die stad Jerusalem nie, maar sal regeer tot in die uithoeke van die aarde. Dit beteken ook vir ons die leiding van hierdie herder, hier waar ons bly. Sy krag is nie in geboue en stede nie, maar in die vestiging van sy Koninkryk.

Nuwe hoop: Selfs al sou die aanvalle van Assirië nie stop nie, is daar 'n belofte van vrede. Die teenstand wat gelowiges ervaar, weeg nie op teen die hoop wat daar is in die feit dat God herstel gee vir die wat sonde bely en pleit vir God se regverdigheid nie.

Nuwe identiteit: Selfs tussen al die volke versprei, sal die kinders van God soos dou en stortreën wees. Waar hulle die seën van God uitleef, ook onder moeilike omstandighede, sal daar groei wees vir God se Koninkryk. Net so sal die waarheid wat hulle oor die nuwe Herder verkondig, geen ontsnapping los vir hulle wat nie wil luister nie.

Sing: Psalm 46-1:1, 2, 3

Ds. HV Venter (Henning) (Windhoek)